



Die Waarheid Oor
KERSFEES



Daar word deurgaans in hierdie publikasie gebruik gemaak van die fonetiese Afrikaanse spelling van die Heilige Name wat uit die oorspronklike Hebreeuse taal verhaal word.

Antieke / ou Paleo Hebreeus (van regs na links):



Moderne / hedendaagse Hebreeus (van regs na links):



Engels (van regs na links):

HVHY

Foneties Afrikaans (van regs na links):

HWHJ

Hierdie letters JHWH word van regs na links gelees en staan vir:

JaHWeH	Ek was, Ek is, Ek sal wees (die hoofletter 'HERE')
JAHSUAH	JaHWeH wat Verlos (Jesus)
Messiah	JaHWeH die Gesalfde (Christus)
Elohiem	Die Sterke Almagtige (God)

Alle Skrifverwysings en aanhalings kom uit die 1933/53 vertaling van Die Bybel.

Hierdie publikasie is saamgestel uit verskeie bronne en dien as 'n inligtingstuk vir die uitverkore volk van ELOHIEM (God).

Kersfees word jaarliks regoor die wêreld deur heidene en christene gevier. Ja, almal is gaande daaroor, of dit nou 'Sinter Klaas', Kers Vader, "*Santa Claus*" of wat ook al is. Maar waar kom kersfees werklik vandaan? Want as dit die geboorte van JAHSHUAH MESSIAH is wat gevier word, hoekom is hierdie spesifieke fees reeds eeue voor Sy geboorte in heidense lande op hierdie spesifieke dag gevier? Wat het ons Verlosser werklik met Kersfees te doen?

Die antwoord is maklik – absoluut niks!

Terugsporing van die term Kersfees (engels "*Christmas*"), lei na die Roomse Kerk. Hierdie gebruik is deur die Roomse Kerk verhaal uit die heidense wêreld. Die Katolieke Ensiklopedie (Vol 3, p. 724) sê van die aangeleentheid die volgende: "Kersfees was nie onder die vroeë feesdae van die Kerk nie, die eerste tekens van hierdie feesdag vind ons in Egipte. Heidense feesdae en gewoontes, wat gewoonlik in Januarie gehou was, het teruggeskuif na Desember en ontwikkel en ontaard in die sogenaamde Kersfees".

Hoe het die heidense gebruik van Kersfees in die kerke ingekom? Daar is geen betroubare tradisie met betrekking tot die dag of die maand van die MESSIAH se geboorte nie. Keiser Aurelianus van Rome het in die jaar 274 nM 'n heidense fees ingestel ter ere van die geboorte van die 'Onoorwinlike Son' ("*sol invictus*") wat op 25 Desember gevier is. Die kerk kon later nie hierdie gewilde fees verhinder nie en het besluit om dit te vergeestelik en dit die fees van die geboorte van die 'Son van Geregtigheid' ("*sol iustitiae*") te noem". (Chambers Encyclopaedia, p. 530)

Die Nuwe Schaff-Herzog ensiklopedie verduidelik dit as volg: "Die feesdag van 25 Desember is gebasseer op die heidense BRUMALIA, waarby die kortste dag val, wat volg op die SATURNALIA, 17 tot 24 Desember, waarby die kortste dag van die jaar gevier word en ook die 'nuwe Son' (Sonsaanbidding)".

"In 354 nM het biskop Liberius van Rome bevel gegee om 25 Desember as feesdag te gedenk. Hy het moontlik op hierdie dag besluit omdat die inwoners van Rome alreeds die Fees van Saturnus, die 'Geboortedag van die Son', op hierdie dag gehou het. Die Christene is aangemoedig om MESSIAH in plaas van Saturnus te vereer en so die 'Geboortedag van die Seun' (die Lig van die wêreld) te vier." (The World Book Encyclopedia 1962, "*Christmas*" p. 416).

"Daar kan geen twyfel bestaan nie: die betrokke dag (25 Desember) was deur die heidene as die geboortedag van die Son gevier, voordat die Kerk hierdie 'geboorte' oorgeplaas het" (Sir James Frazer in sy boek "The Golden Bough").

"Om die aanvaarding van die geloof deur die heidense massas te vergemaklik, het die kerk van Rome dit gerieflik gevind om 25 Desember in te stel as die fees van die tydgeboorte van die MESSIAH, om hulle sodoende af te wend van die heidense fees wat

op dieselfde dag gevier was ter ere van “*Mithras*” of die ‘Onoorwonne Son’”. (Maria Righetti, gevierde Katolieke liturg, aangehaal deur S. Bacchiochi in sy boek “*From Sabbath to Sunday*”)

Selfs Origines het hierdie feite erken en beklemtoon deur te sê: “in die Skrifte kan daar nie aangetoon word dat enige-iemand hierdie feesdag onderhou het nie, dat enige-iemand 'n groot banket gehou het op sy verjaardag nie, behalwe sondaars soos die Farao's en Herodus, wat groot jolyt gehou het op die dae waarop gebore is in hierdie wêreld.”

Die Britannica Ensiklopedie (1946) sê onder die opskrif “*Christmas*” die volgende: “Kersfees was nie onder die vroeë Feesdae van die Kerk nie. Dit was nie geïnstitusioneel deur JAHSHUAH of die apostels nie, of deur enige Bybelse outoriteit nie. Dit was later oorgeneem uit die heidenisme.”

Uit die Skrif kan afgelei word dat die idee om die geboorte van belangrike persone te herdenk heidense gewoonte is. In die Skrif lees ons dat die verjaarsdag van Farao (Gen 40:20) en van koning Herodes (Mat 14:6, Mark 6:21) herdenk is.

Gen 40:20

En op die derde dag, die verjaarsdag van Farao, het hy 'n maaltyd vir al sy dienaars berei en die hoof van die voorman van die skinkers en die hoof van die voorman van die bakkers te midde van sy dienaars verhef –

Mat 14:6

Maar by die viering van die verjaarsdag van Herodes het die dogter van Heródias voor hulle gedans en Herodes behaag.

Mark 6:21

En op die geskikte dag, toe Herodes op sy verjaarsdag vir sy groot manne en die owerstes oor duisend en die vernaamstes van Galiléa 'n maaltyd gegee het;

Beide verjaardagpartytjies sluit af met 'n moord. Dit is daarom ook opmerklik dat die huidige heidense regering baie meer klem lê op die verjaardag; dink maar aan sommige van die staatspresidenten (veral Nelson Mandela) as dié van die vorige regering wat darem tot 'n sekere mate nog Christelik was.

Wanneer mens verder terugbeweeg in die geskiedenis van die Babiloniese tydperk, met die Bybel wat duidelik uitwys dat korrumperte aardse sisteme van Babilon afstam (Babilon beteken “verwarring”), sal gesien word dat die feesdag sy oorsprong in die stad Babilon gehad het. Babilon was gebou deur Nimrod, die geweldenaar. Die naam Nimrod wat “rebel / sterk” beteken.

Gen 10:8-9

Kus was ook die **vader van Nimrod**. Hy het begin om 'n **geweldenaar** op aarde te wees. Hy was 'n geweldige jagter voor die aangesig van JAHWEH. Daarom sê hulle: Soos Nimrod, 'n geweldige jagter voor die aangesig van JAHWEH.

Nimrod was die kleinseun van Gam, die seun van Noag en was die oorspronklike stigter van die stad en die Babiloniese sisteem wat die wêreld vandag nog in sy greep het. (Sien Opb 16-19).

Rig 2:13

Maar toe hulle JAHWEH verlaat en die **Baäl** en die **Astartes** dien,

Rig 10:6

En die kinders van Israel het weer gedoen wat verkeerd was in die oë van JAHWEH, en hulle het die **Baäls** en die **Astartes** gedien, en die gode van Aram en die gode van Sidon en die gode van Moab en die gode van die kinders van Ammon en die gode van die Filistyne, en hulle het JAHWEH verlaat en Hom nie gedien nie.

1Sam 7:3

Maar Samuel het met die hele huis van Israel gespreek en gesê: As julle met jul hele hart julle tot JAHWEH bekeer, verwyder dan die vreemde gode en die **Astartes** onder julle uit, en rig julle hart op JAHWEH en dien Hom alleen; dan sal Hy julle red uit die hand van die Filistyne.

1Sam 31:10

Daarna het hulle sy wapens in die **Astarte**-tempel neergelê, maar sy lyk teen die muur van Bet-San vasgeslaan.

Dit is 'n sisteem van georganiseerde kompetisie, hebsug, haat, nyd, oorlog, van mensgemaakte regerings en koninkryke, mensgemaakte wette, normes en waardes. Gebasseer op 'n kompeterende winsmakende, ekonomiese sisteem ten koste van menselewens.

Dit blyk uit ou geskrifte dat Nimrod gerebelleer het teen ELOHIEM, en dat hy verantwoordelik was vir die bou van die toring van Babel. Nimrod het stede begin bou en die mense mislei deur voor te gee dat hy hulle wil help en beskerm teen hulle vyande, maar sy heerskappy het ontaard in 'n tirannie. Nimrod het na homself verwys as 'n "redder" en 'n "messias". Hy het sy volgelingen oortuig dat hulle hom as 'n soort god moet sien en ook dat hulle ELOHIEM nie nodig het nie, maar op hulle eie kragte moet staatmaak (humanisme). Nimrod het 'n valse godsdiens daargestel. Hy het ook menslike offerhandes, veral die offer van eersgebore babatjies ingestel.

Jer 7:31

*En hulle het die hoogtes van Tofet gebou wat in die dal van die seun van Hinnom is, om hulle **seuns en hulle dogters met vuur te verbrand** – iets wat Ek nie beveel het nie en in my hart nie opgekom het nie.*

Deut 12:31

*So mag jy nie handel met JAHWEH jou ELOHIEM nie; want alles wat vir JAHWEH 'n gruwel is, wat Hy haat, het hulle vir hulle gode gedoen; want selfs **hulle seuns en hulle dogters verbrand hulle met vuur vir hulle gode.***

Lev 18:21

*En van **jou kinders mag jy nie gee om vir Molog deur die vuur te laat deurgaan nie**, dat jy die Naam van jou ELOHIEM nie ontheilig nie. Ek is JAHWEH.*

Ps 106:34-39

*Hulle het die volke nie verdelg soos JAHWEH aan hulle gesê het nie, maar hul met die heidene vermeng en hulle werke geleer. En hulle het hulle **afgode gediën**, en dit het vir hulle 'n strik geword. Bowendien het hulle **hul seuns en hul dogters aan die duiwels geoffer** en onskuldige bloed vergiet – die **bloed van hul seuns en hul dogters wat hulle aan die afgode van Kanaän geoffer** het – sodat die land deur bloedskuld ontheilig is. En hulle het onrein geword deur hul werke en gehoereer deur hul dade.*

2Kron 33:6

*Ook het hy self **sy seuns deur die vuur laat deurgaan** in die dal van die seun van Hinnom en met **goëlerij en verklaring van voortekens en towery** omgegaan en **dodebesweerders en waarsêers** aangestel; hy het baie gedoen wat verkeerd was in die oë van JAHWEH, om HOM te terg.*

Dit het 'n siek gemeenskap geword en die mense het diep in sonde verval. So siek dat Nimrod met sy eie ma, Semiramis, getrou het.

1Kor 5:1

*'n Mens hoor waarlik van hoerery onder julle, en hoerery van so 'n aard as wat selfs onder die heidene nie bekend is nie: **dat iemand die vrou van sy vader het.***

Nimrod is op 'n gewelddadige manier dood. Sy volgeling was gebroke oor sy dood.

Eseg 18:14

*Hy het my toe gebring na die noordelike ingang van die poort by die huis van JAHWEH, en kyk, daar het die **vrou gesit wat Tammus beweën.***

As gevolg van sy gruwels het manne van Sem hom om die lewe gebring, sy liggaam in twaalf stukke gekap, dit omgestuur en almal gewaarsku dat dit ook met hulle sal

gebeur as hulle hom weer aanbid en voortgaan met hulle gruwels.

Na Nimrod se dood het Semiramis 'n seun gehad en hom Tammuz genoem. Toe die baba gebore is het sy verklaar dat sy nog 'n maagd was en dat die gees van Nimrod haar bevrug het. Hierdie kind was 'n 'reinkarnasie' van Nimrod, die 'beloofde saad en verlosser'. Wat 'n slim nabootsing van ons Meester JAHSUAH se geboorte (ander name vir Nimrod was Molog, Beliam, Baäl en Hores). Semiramis (ook vertaal of bekend as Astarte) het waarskynlik gehoor van die beloofde MESSIAH wat gebore sou word uit 'n maagd en wat sou sterf vir ons sondes. Hierdie goeie nuus was van die vroegste tye af bekend.

Gen 3:15

En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel, en jy sal hom in die hakskeen byt.

Sy het verklaar dat Tammuz nou amptelik die songod geword het, en as haar seun dan 'n god is, is sy 'n godin! Sy het haarself die 'hemelkoningin' genoem.

Jer 7:18

*Die kinders maak hout bymekaar, en die vaders steek die vuur aan, en die vroue knie deeg om **koeke te maak vir die hemelkoningin** en vir ander gode drankoffers uit te giet om My te terg.*

Die moeder-kind aanbidding het ook versprei na ander wêrelddele en beelde van die moeder-en-kind is oral opgerig. Semiramis het ook menslike offerandes geëis vir die 'hemelkoningin'.

Sy het later ook meer name gekry onder die heiden-nasies volgens hulle tale. Oor die eeue is die hemelkoningin of "*Queen of Heaven*" vereenselwig met Semiramis (die vrou van Nimrod), Aphrodite, Juno, Athena, Diana, Venus, Minerva, Rhea, Astarte, "*The Lady*", "*Madonna*", "*The Mother*" en "*The Virgin Mary*".



Jer 44:17-22

Maar ons sal...vir die **hemelkoningin** rook...laat opgaan en vir haar drankoffers uit te giet...vir haar koeke... Toe het Jeremia gespreek met die hele volk...en gesê:...sodat JAHWEH dit nie langer kon verdra weens die boosheid van julle handeling, weens die gruwels wat julle bedryf het nie. So het julle land dan 'n puinhoop geword en 'n voorwerp van verbasing en van vervloeking, sonder inwoners, soos dit vandag is;

Astarte was ook genoem 'Ishtar' in Engels "Easter". Astarte of Semiramis was ook die godin van vrugbaarheid of seks en die haas weens sy geweldige aanteel-vermoë was van die begin af die simbool en die Baälfeeste was en is nog altyd op die sesde dag – Vrydag. Ons vier nog steeds die paashaas op Paas-naweek. Die tweede paasfees is Maandag met die eier as simbool van die opstanding of nuwe lewe; leweloosheid waaruit lewe voortkom; die teenswoordige paaseier. Hierdie Baälse feeste is alles deel van die valshede wat deur Simon, die towenaar, vermeng is met die evangelie: Werke van die valse profeet en nog steeds in gebruik deur die Protestantse kerke.

Na die 'ontydige' afsterwe van Nimrod het Semiramis, sy eie moeder, die storie begin versprei dat Nimrod nog steeds bestaan en leef, maar as 'n geestelike wese. Sy het beweer dat volmaakte, volgroeide groenblywende denneboom oornag ontspring het uit dooie houtstomp (animisme) wat die simbool was van die nuwe lewe wat die dooie Nimrod nou verkry het. Sy beweer verder dat op sy verjaardag, 25 Desember, sal Nimrod die groenblywende denneboom besoek en geskenke daaraan los. Dit is die ware oorsprong van die hedendaagse kersboom met sy geskenke en die sogenaamde "Yule Log" (die kersfees stomp wat tradisioneel op ou-kersaand verbrand word) is die dooie stomp van Nimrod wat as die songod vergoddelik is, maar deur sy vyande gedood is. Die kersboom is die gestorwe Nimrod wat weer herleef. Dit verklaar waarom die "Yule Log" op ou-kersaand in die kaggelvuur geplaas word en die kersboom op kersoggend in die plek daarvan aangetref word ("*The Two Babylons*" by Alexander Hyslop, p. 97-98)



“Meeste van ons dag se gewilde Kersfees tradisies is gewortel in die antieke gebruike van heidense nasies wat graag die son en die natuur aanbid het. Die “Yule Log” en die kersfeesboom berus op die Babiloniese geloof dat die dood van Nimrod deur 'n boomstomp voorgestel word en dat sy herrysenis of herlewing (wat deur die mag van die slanggod Asklepius teweeg gebring word) deur 'n palmboom voorgestel word” (Henry Ward Beecher, predikant en lektor, 1874).

Semiramis het ook bevel gegee dat die mense, wanneer hulle sy verjaardag vier, groen bome in hulle huise moes bring as simbole van aanbidding vir hom, met ander woorde afgode, want sy gees is in die bome en hulle moes dit behang met kosbare versiersels van goud en silwer en edelgesteentes.

Jer 10:1-5

Hoor die woord wat JAHWEH oor julle gesprek het, o huis van Israel! So sê JAHWEH: Maak julle nie gewend aan die weg van die heidene nie, en skrik nie vir die tekens van die hemel, omdat die heidene daarvoor skrik nie. Want die insettinge van die volke is nietigheid; want 'n boom uit die bos kap hulle om, die handewerk van 'n ambagsman met die byl. Hulle versier dit met silwer en goud, hulle maak dit vas met spykers en hamers, dat dit nie waggel nie. Soos 'n voëlverskrikker in 'n komkommertuin is hulle: hulle kan nie praat nie; ja, hulle moet gedra word, want hulle kan nie loop nie. Wees nie bevrees vir hulle nie, want hulle kan geen kwaad doen nie, maar daar is ook geen goeddoen by hulle nie.

U sal dit duidelik herken as die beroemde kersboom.



Kom ons kyk verder na “*Santa Claus*”, met “*Santa*” wat in Latyns en Spaans ‘heilig’ (“*holy*”) beteken.

Opb 15:4

Wie sal U nie vrees nie, MEESTER, en U NAAM nie verheerlik nie? Want U alleen is heilig; want al die nasies sal kom en voor U aanbid, omdat U regverdige dade openbaar geword het.

Hier sien ons dat net JAHSUAH heilig is, geen ander god of persoon nie.

Dit is dan ook by Sataniste die algemene gebruik van annagramme wat die herrangskikking van letters is om die aanvanklike betekenis van 'n woord of gedeelte te verdoesel. 'n Goeie voorbeeld hiervan is juis met die naam “*Santa Claus*”. Deur die letters terug te skuif na hulle oorspronklike posisie verander “*Santa Claus*” na “*Satan Lucas*”, waar “*Lucas*” algemeen deur die Satanisme aanvaar word as die verkorte weergawe of naam van “*Lucifer*”.

Jes 14:12-14 (KJV)

How art thou fallen from heaven, O Lucifer, son of the morning! how art thou cut down to the ground, which didst weaken the nations! For thou hast said in thine heart, I will ascend into heaven, I will exalt my throne above the stars of ELOHIM: I will sit also upon the mount of the congregation, in the sides of the north: I will ascend above the heights of the clouds; I will be like the most High.

Satan het gerebelleer teen ELOHIEM en wou soos ELOHIEM wees, hy wou hom verhoog bokant ELOHIEM. Kom ons kyk hoe het hy, as “*Santa Claus*” dit reggekry hier op aarde:

Mat 23:9

En julle moet niemand op die aarde julle vader noem nie, want een is julle VADER, HY wat in die hemele is.

En ons noem hom ‘Kers-vader’ (“*Father Christmass*”).

Opb 1:14-15

SY (JAHSUAH) hoof en hare was wit soos wit wol, soos sneeu, en sy oë soos 'n vuurvlam, en SY voete soos blink koper wat gloei...

Isa 63:1-2

Wie is dit wat daar aankom...met bloedrooi... Waarom is U gewaad so rooi...

Mar 6:3

Is HY nie die timmerman...

Eseg 8:14 (KJV)

Then he brought me to the door of the gate of YAHVEH's house which was toward the north...

Deut 33:26

Niemand is daar soos ELOHIEM, o Jesúrun, wat oor die hemel ry as jou Hulp, en oor die wolke in SY hoogheid.

Sag 2:6 (KJV)

Ho, ho...saith YAHVEH...

Ps 102:25

My ELOHIEM, sê ek, neem my nie weg in die helfte van my dae nie – U jare is van geslag tot geslag!

Spr 1:23

Wend julle tot MY teregwyding, dan laat EK MY GEES vir julle uitstroom, wil EK MY woorde aan julle bekend maak.

Ps 34:12

Kom, kinders, luister na MY; EK wil julle die vrees van JAHWEH leer.

Mark 10:13-14

En hulle het kindertjies na HOM gebring, dat HY hulle kon aanraak; en die dissipels het die wat hulle gebring het, bestraf. Maar toe JAHSHUAH dit sien, het HY hulle dit baie kwalik geneem en vir hulle gesê: Laat die kindertjies na MY toe kom en verhinder hulle nie, want aan sulkes behoort die koninkryk van ELOHIEM.

Mat 25:31

En wanneer die SEUN van die mens in sy heerlijkheid kom en al die heilige engele saam met HOM, dan sal HY op SY heerlike troon sit;

Joh 10:42

En baie het daar in Hom geglo.

Tit 2:13

terwyl ons die salige hoop en die verskyning van die heerlijkheid verwag van die grote ELOHIEM en ons VERLOSSER, JAHSHUAH MESSIAH,

In al die voorafgegaande gedeeltes word verwys na JAHSHUAH. SY hoof en hare/baard is spierwit en HY het voete soos koper, dis HY wat 'n rooi gewaad aanhet, die Timmerman. JAHWEH se huis is in die Noorde en HY ry oor die hemel en die wolke en sê "ho, ho...".

SY jare is van geslag tot geslag en HY wil SY Gees oor ons uitstort. Dan is dit ook HY wat die kindertjies nooi, wat op SY heerlike troon sit in WIE ons glo en op WIE se 'verskyning van heerlijkheid' ons wag. MAAR is hierdie nie ook al die eienskappe van 'Kers-vader' nie? Is dit nie hoe hy regdeur die eeue voorgestel word nie? Is die hele wêreld nie in afwagting op die 'kersfees-gees' ("*spirit*") wat weke selfs maande voor kersfees tentoon gestel word nie? Hier kan ons duidelik sien dat 'Kers-vader' ("*Santa Claus*" oftewel "*Satan Lucifer*") die leuenaar, bedriër, vervalser en namaker is en dat hy nogsteeds op aardse vlak probeer om soos die Allerhoogste te wees.

Die bekende 'Kersfees liedjie' lees as volg:

Santa Claus Is Coming To Town – J. Fred Coots, Henry Gillespie (c) 1934

*You better watch out, you better not cry
Better not pout, I'm telling you why
Santa Claus is coming to town*

*He's making a list, and checking it twice;
Gonna find out Who's naughty and nice.
Santa Claus is coming to town*

*He sees you when you're sleeping, He knows when you're awake
He knows if you've been bad or good, So be good for goodness sake!*

Hieruit kan duidelik gesien word dat 'Kers-vader' alles kan sien en alles weet. Hy weet wie is stout en wie nie, hy sien wanneer jy slaap en wanneer jy wakker is, hy weet of jy goed of sleg is. Slegs JAHWEH weet alles en sien alles.



Waarom dan 25 Desember?

Die astroloë in diens van Semiramis het aan haar vertel dat die son verder van die aarde af is gedurende die winterseisoen. Hy is op sy verste van die aarde af op 21 Desember. Hulle het begin om aan die mense te vertel dat die songod Baäl op 21 Desember sterf. Op 24 Desember wanneer die son die eklips voltooi het en weer begin nader beweeg aan die aarde begin die songod weer lewe. Op 25 Desember word hy dan weer gebore en daarom is 25 Desember sy verjaarsdag. Regoor die wêreld het die mense die songod op hierdie dag aanbid. Babas is geoffer, groot partytjies is gehou, die mense het hulle vergryp aan die drank en seksorgies is gehou. Die songod was ook beskou as die god van vrugbaarheid, omdat alle oeste sou misluk indien hy nie weer 'lewendig' word na sy 'dood' nie. Dit is ook gedurende die lente wat die vee begin paar en vermeerder. Semiramis het ook beveel dat bome versier moet word met klein blink balletjies wat simbolies is van die songod Baäl!

Ons sien vandag steeds hoe die songod verheerlik word met blink goue sonne, mane en sterre wat orals hul verskyning maak.

Destyds in die begin van die instellings het hulle die dag voor sy verjaardag al begin met groot jolyt, uitspattige suipery en dronkenskap; wat vandag nog net so is. In die aand was die fakkels en groot kerse aangesteek, wat later en nou nog bekend geword het as kersaand. Teen middernag wanneer die meeste baie dronk was, het die baälpriesters uigeroep: Die maagd het voortgebring ("*The virgin hath brought forth*") – die teken waarop die manne dan uitgegaan het in die stede en al die vroue en meisies wat hulle teekom verkrag het. Die fees het eintlik sy hoogtepunt bereik wanneer hulle jong meisies en veral maagde verkrag het; sportief getriomfeer deur dronkenskap aangedrewe dierlikheid. Baie vroue en meisies het vanselfsprekend swanger geraak en die volgende jaar met kersfees op Baäl se verjaardag was die kindertjies wat dan drie maande oud was – in die vuur gewerp as offerandes aan Nimrod, Baäl, Molog.



Deut 12:31

*So mag jy nie handel met JAHWEH jou ELOHIEM nie; want alles wat vir JAHWEH 'n gruwel is, wat Hy haat, het hulle vir hulle gode gedoen; want selfs **hulle seuns en hulle dogters verbrand hulle met vuur vir hulle gode.***

In hierdie valse Babiloniese godslasterlike sisteem het die moeder-en-kind (Semiramis en Nimrod) die kern van aanbidding geword.

Hierdie aanbidding het soos 'n veldbrand oor die hele wêreld versprei. In Egipte was dit Isis en Osiris, in Asië was dit Sybele en Deoius, in die Heidense Rome was dit Fortuna en Jupiter. Selfs in Griekeland, China, Japan en Tibet vind ons die eweknie van die Madonna lank voor JAHSUAH se geboorte.

Satan het sy volgende man, Konstantyn, gebruik vir die volgende fase. Konstantyn was 'n kandidaat om die heerser van Rome te word in die jaar 337 nM. In daardie tyd was die Christene hewig vervolgd en doodgemaak. Konstantyn het besef watter politieke gewin daarin is indien hy die Christene aan sy kant kon kry. Hy het verklaar dat hy 'n Christen is terwyl hy tot sy dood toe in die geheim 'n songod aanbidder was. Hy het dus belowe dat die Christene nie meer vervolgd sou word nie. Konstantyn het begin met die nuwe Roomse 'godsdienste' en hierdie sogenaamde Christen-kerke het gegroei. Satan het Konstantyn gebruik om die afgodsaanbidding en die Christelike-geloof te vermeng en 'n valse godsdienst te begin. Hy het die afgodery 'n nuwe gesig en 'n nuwe naam gegee en duisende Christene is mislei. Die 'gode' uit die songodaanbidding het ook nuwe name gekry. So het die 'hemelkoningin' nou Maria geword en Tammus JAHSUAH.

Daar was verskeie afgodsfeeste gehou in Rome. In Rome was hierdie fees later die 'Saturnalia' genoem.

Min of meer in die jaar 394 nM is daar vir die eerste keer op 24 Desember om middernag 'n 'nagmaal' ("*mass*") deur die Rooms Katolieke gehou ("*Christmas*" = "*Christ*" + "*Mass*"). Hierdie verwikkeling het die afgodsaanbidders baie goed gepas. Dit het hulle die geleentheid gebied om hulle gode, en veral die songod, te vereer onder die valse voorwendsel van Kersfees! Sodoende kon hulle ook baie onskuldige en onkundige mense verlei tot afgodery. Dit het 'n feestelike seisoen geword van liggies, sang, kersbome en geskenke. Buiten dat die songod beskou was as die god van vrugbaarheid, was hy ook beskou as die god van vuur. Eerstens omdat Nimrod die babatjies in die vuur laat verbrand het, en tweedens omdat die son so ontsaglik warm is en ook soms lyk soos 'n vuurbal. Feeste ter ere van die songod het dus altyd gepaard gegaan met die brand van fakkels en kerse as simbool van die 'god'. Selfs hierdie gebruik is deur die Christene oorgeneem deur op Kersfees baie kerse te laat brand. Dit is deels die rede vir die benaming 'Kersfees' (fees van die kerse). Die valse 'godsdienstige sisteem' het waarlik goed daarin geslaag om hierdie dag van die songod te verander van Baäl-aanbidding na die geboortedag van JAHSUAH MESSIAH.



In die vierde eeu het baie kerke in die weste kersfees gevier. In die vyfde eeu het kersfees 'n amptelike heilige dag van die Rooms Katolieke kerk geword. Vir Pous Gregorius was verchristeliking van die heidense feesdae deel van sy sendingstrategie. Die Engelse woord “*Christ-mass*” dui daarop dat kersfees 'n Rooms Katolieke mis is, iets wat die kategismus beskryf as vervloekte afgodery en bevestig dat die fees 'n instelling is van die Rooms Katolieke kerk.

Ons sien dus dat die werklike oorsprong van Kersfees vanuit Babilon kom, dat die Westerse wêreld vir eeue bedrieg was deur hierdie Babiloniese sisteem.

JAHSHUAH is nie op 25 Desember gebore nie. Die beskrywing van weerstoestande met Sy geboorte alleen dui baie sterk daarop. Enige gesaghebbende ensiklopedie sal ook daarop wys dat JAHSHUAH nie op 25 Desember gebore kon gewees het nie. Die meeste outoriteit in die gebied dui aan dat Sy geboorte liewers in September moes wees. Adam Rutherford kom tot die slotsom dat dit 29 September is. Ander bronne dui die veertiende Nisan as die datum aan (ongeveer 6 April) – dit hou nou verband met baie belangrike datums van Israel se geskiedenis; soos die uittog uit Egipte, die woestyn swerf van 40 jaar begin op die dag, JAHSHUAH is op dié dag gekruisig, die intog in die beloofde land begin op dié dag; ons volks-planting aan die Kaap de Goede Hoop was op 6 April 1652.

Dit bring ons by die getuienis van die Skrif oor Kersfees. Dit moet uit die staanspoor duidelik gestel word dat die woord ‘Kersfees’ of die gebeure tydens Kersfees nêrens in die Skrif voorkom of genoem word nie. Die Skrif sê nie op watter dag en maand die MESSIAH gebore is nie. Die Skrif bevat geen opdrag dat die geboorte van die MESSIAH as 'n afsonderlike fees gevier moet word nie (daar is wel opdragte om ‘JAHWEH se feeeste’ te vier). Die Skrif bevat geen verwysing na individue of groepe wat spesifiek die geboorte van die MESSIAH gevier het nie.

Luk 2:8

En daar was herders in dieselfde landstreek, wat in die oop veld gebly en in die nag oor hulle skape wag gehou het.

Die meeste Skrifverklaarders is dit eens dat daar in Israel in Desember-maand nie herders “in die oop veld...in die nag” by hulle skape sal wees nie. Dit is die winterseisoen in daardie gedeelte van die wêreld. In die area van Jerusalem en Bethlehem is dit baie koud gedurende Desember. Dit is in die hartjie van die winter. Dit is ook bekend dat dit gedurende daardie tyd te koud is en dat daar te veel sneeu is, vir vee of hulle herders om op die oop veld te wees. Vee word in daardie snerpande koue op stal gehou. Ook sou dit te koud wees vir mense om te voet en/of per esel / donkie van een dorp na 'n ander te trek. Hierdie feit word gestaaf deur die voorafgaande geskiedenis van Semiramis en haar astroloë wat geweet het dat die son op sy verste weg is van die aarde in daardie tyd.

Dit is ook net so onwaarskynlik dat die keiser in die middel van die winterseisoen 'n volkstelling sou uitroep wat sou beteken dat almal in koue, nat weersomstandighede na hulle dorp van herkorns moes reis. Vir Josef en Maria wat van Nasaret of moes kom, sou dit 'n reis van langer as 'n dag beteken.

Luk 2:1-5

*En in daardie dae het daar 'n bevel uitgegaan van keiser Augustus dat die hele wêreld ingeskryf moes word. Hierdie eerste inskrywing het plaasgevind toe Cirénius goewerneur van Sírië was. **En almal het gegaan om ingeskryf te word, elkeen na sy eie stad.** En **Josef** het ook opgegaan van Galiléa, uit die stad Násaret, na Judéa, na die stad van Dawid, wat Betlehem genoem word, omdat hy **uit die huis en geslag van Dawid** was, om hom te laat inskrywe saam met **Maria**, die vrou aan wie hy hom verloof het, **wat swanger was.***

Wanneer is JAHSUAH dan gebore? Niemand weet verseker wanneer die geboorte van JAHSUAH dan wel plaasgevind het nie. Verskeie mense het verskeie teorië. Sommige sê dit moes in die herfs plaasgevind het, en ander sê weer dit was in die lente.

Alhoewel die spesifieke dag van die MESSIAH se geboorte nie in die Skrif vermeld word nie, is daar tog sekere leidrade in die Skrif wat interessante lig werp op die tydsbepaling van hierdie baie belangrike gebeurtenis. Ons weet dat die geboorte-aankondiging van die MESSIAH voorafgegaan word deur die geboorte-aankondiging van Johannes die Doper.

Luk 1:5

*Daar was in die dae van Herodes, koning van Judéa, 'n sekere priester met die naam van **Sagariá, uit die afdeling van Abía**; en sy vrou was uit die dogters van Aäron, en haar naam was Elisabet.*

Hier lees ons dat Sagariá 'n priester uit die afdeling van Abía was.

1Kron 24:10

*die sewende vir Hakkos, die **agtste vir Abía**,*

Volgens 1Kron 24 is al die priesters in vier-en-twintig afdelings verdeel. Elke afdeling moes jaarliks vir 'n periode van twee weke diens doen in die tempel. Die afdeling van Abia (waartoe Sagariá behoort het) was die diensgroep wat die agste diensperiode van twee weke in die tempel moes waarneem.

Luk 1:8

*En terwyl hy (**Sagaria**) besig was om die priesteramp voor **ELOHIEM** te bedien in die beurt van sy afdeling,*

Luk 1:11

Toe verskyn daar aan hom 'n engel (Gabriël) van die MEESTER, wat aan die regterkant van die reukofferaltaar staan.

Dit beteken dat Sagariá waarskynlik verantwoordelik was vir week vyftien en sestien na die aanvang van die jaar op 1 Nisan. Met 'n effense speling na weerskante toe sal hierdie periode min of meer ooreenstem met die begin van Julie volgens ons kalender.

Luk 1:23-24

*En toe die **dae van sy diens vervul was**, het hy huis toe gegaan. En ná hierdie dae het **Elisabet**, sy vrou, ontvang en **haar vyf maande lank verberg...***

Volgens hierdie beskrywing kan ons aanvaar dat Elisabet binne enkele weke (dae?) na die begin van Julie swanger geraak het. In haar sesde maand van swangerskap het die engel aan Maria verskyn en die geboorte van JAHSHUAH aangekondig.

Luk 1:26

*En in die **sesde maand is die engel Gabriël deur ELOHIEM gestuur** na 'n stad in Galiléa met die naam van Násaret,*

Luk 1:31

*En kyk, jy sal **swanger word en 'n Seun baar, en jy moet Hom JAHSHUAH noem.***

Luk 1:36

*En kyk, **Elisabet**, jou bloedverwant, het self ook 'n seun ontvang in haar ouderdom, en **hierdie maand is die sesde** vir haar wat onvrugbaar genoem is.*

As ons aanvaar dat Maria kort hierna swanger geword het, d.w.s. moontlik in die eerste gedeelte van Januarie, beteken dit dat die MESSIAH nege maande later in die eerste gedeelte van Oktober gebore kon gewees het.

Ons kan nie verseker sê wanneer ons Verlosser gebore is nie, maar as ons die moontlikheid hierbo oorweeg en ons hou in gedagte dat elke ander belangrike Messiaanse gebeurtenis (soos die kruisiging, opstanding en uitstorting van die Heilige Gees) op een van JAHWEH se feesdae plaasgevind het, lyk dit na 'n sterk moontlikheid dat die MESSIAH op die Loofhuttefees (wat in September of Oktober plaasvind) gebore kon gewees het. Dit sou baie sin maak as keiser Augustus sy volkstelling juis so gereël het dat dit saamval met 'n Judese fees wanneer die meeste Judiërs in elk geval 'n reis na Jerusalem onderneem.

Johannes beskryf die menswording van JAHSHUAH as volg:

Joh 1:14

En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon – en ons het sy heerlijkheid aanskou, 'n heerlijkheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom – vol van genade en waarheid.

Baie Engelse vertalings probeer om die oorspronklike betekenis duideliker na vore te bring en vertaal hierdie vers as volg: “*The Word became flesh and tabernacled among us*”.

Die Loofhuttefees is 'n herinnering aan die dae toe die Israeliete in tente (d.w.s. in tydelike wonings) gebly het en in die Tabernakel ('n tydelike aanbiddingsplek) aanbid het terwyl hulle deur die woestyn geswerf het. Daarom staan hierdie fees in Engels bekend as “*The Feast of Tabernacles*”. Kan dit dalk wees dat JAHWEH in Sy wysheid juis hierdie fees gekies het om vir 'n seisoen (van ongeveer 33 jaar) in hierdie wêreld te kom “*tabernacle*” en onder meer vir ons 'n voorsmakie te kom gee van daardie tyd (in die toekoms)?

Opb 21:3

En ek het 'n groot stem uit die hemel hoor sê: Kyk, die tabernakel van ELOHIEM is by die mense, en HY sal by hulle woon, en hulle sal SY volk wees; en ELOHIEM self sal by hulle wees as hulle God.

Dit beteken dat ons nie 'n 'nuwe' fees hoef te fabriseer om die geboorte van die MESSIAH te gedenk nie – JAHWEH het (heel waarskynlik) self gesorg dat dit saamval met 'n fees wat vir Hom na aan die hart lê en wat selfs nog tot in die toekomstige vrederyk gevier sal word.

Sag 14:16-18

En almal wat oorbly uit al die nasies wat teen Jerusalem aangekom het, sal jaar na jaar optrek om te aanbid voor die Koning, JAHWEH van die leërskaare, en om die huttefees te vier. En wie uit die geslagte van die aarde nie na Jerusalem optrek om voor die Koning, JAHWEH van die leërskaare, te aanbid nie – hulle sal geen reën kry nie. En as die geslag van Egipte nie optrek en nie kom nie, op wie geen reën sal val nie, dan sal tog die plaag hulle tref waarmee JAHWEH die nasies tref wat nie opgaan om die huttefees te vier nie.

Ons het gesien dat daar oorfloedige getuienis uit buite-Bybelse bronne bestaan dat die kerk in die vierde eeu besluit het om die geboorte van die MESSIAH op 25 Desember te gedenk sodat dit kon saamval met bestaande nie-Christelike feeste waarin heidense tradisies, sondige praktyke en afgodediens 'n deurslaggewende rol gespeel het. Niemand ontken dit vandag dat die oorsprong van Kersfees deurweek is van sinkretisme ('n vermenging van verskillende godsdienste) en afgodery nie.

Geen wonder dat daar jaar na jaar soveel ellende, padsterftes, sedeloosheid, selfmoordneigings, losbandigheid, ongelukkigheid en leegheid in huise en gerneenskappe oor die Kers-seisoen inkruip nie.

Wat sou ons hemelse Vader dink van so 'n fees? Kom ons laat die Skrif toe om die finale woord hieroor te sê (ons beperk ons tot slegs 'n paar van die talle gedeeltes in die Skrif waarin JAHWEH sy absolute afkeer en verwerping uitspreek oor enige gebruik wat hoegenaamd iets met afgodery te make het).

Eseg 8:13-18

*En HY sê vir my: Jy sal nog ander groot gruwels sien wat hulle doen. HY het my toe gebring na die noordelike ingang van die poort by die huis van JAHWEH, en kyk, daar het die vroue gesit wat Tammus beweën. En HY sê vir my: Het jy dit gesien, mensekind? Jy sal nog ander gruwels, groter as hierdie, sien. Toe bring HY my na die binneste voorhof van die huis van JAHWEH; en kyk, by die ingang van die tempel van JAHWEH, tussen die voorportaal en die altaar, was omtrent vyf en twintig man, met hulle rug na die tempel van JAHWEH en hulle gesig na die ooste, en **hulle het hul voor die son neergebuig na die ooste**. En HY sê vir my: Het jy dit gesien, mensekind? Is dit dan vir die huis van Juda te gering om die gruwels te doen wat hulle hier bedrywe, dat hulle die land met geweld gevul en MY nog meer geterg het? En kyk **hoe hulle die druiwetak by hulle neus hou!** Daarom sal ÉK ook in grimmigheid handel; MY oog sal nie verskoon nie, en EK sal nie spaar nie; en al roep hulle hardop voor MY ore, nogtans sal EK na hulle nie luister nie.*

Tammus was die seun van Semiramis, Nimrod wat herleef het, ook genoem die 'god van die plantewêreld van die onderwêreld' en die 'god van vrugbaarheid'. Die geween van die vrome is simbolies van die poging om Tammus (of Nimrod) te laat herleef en sodoende weer vrugbaarheid teweeg te bring. Die tak wat hulle teen hulle neuse hou was die simbool van onsterflikheid; hulle probeer om die lewendmakende krag van Tammus in te asem (te rook?) en so onsterflikheid te bekom.

2Kor 6:14-17

***Moenie in dieselfde juk trek saam met ongelowiges nie**, want watter deelgenootskap het die geregtigheid met die ongeregtheid, en watter gemeenskap het die lig met die duisternis? En watter ooreenstemming het MESSIAH met Béliel, of watter aandeel het die gelowige met die ongelowige? Of watter ooreenkoms het die tempel van ELOHIEM met die afgode? Want julle is die tempel van die lewende ELOHIEM, soos ELOHIEM gespreek het: EK sal in hulle woon en onder hulle wandel, en EK sal hulle God wees, en hulle sal vir MY 'n volk wees. Daarom, **gaan onder hulle uit en sonder julle af**, spreek JAHWEH; en raak nie aan wat onrein is nie, en EK sal julle aanneem;*

Dit kan uit die Skrif afgelei word dat die verchristeliking van afgodediens verkeerd is.

Deut 12:2-4

Julle moet terdeë verniel al die plekke waar die nasies wat julle gaan verdrywe, hulle gode gedien het op die hoë berge en op die heuwels en onder elke groen boom. En julle moet hulle altare omgooi en hulle klippilare verbrysel en hulle heilige boomstamme met vuur verbrand en die gesnede beelde van hulle gode omkap en hulle naam van dié plek laat verdwyn. So mag julle nie doen met JAHWEH julle ELOHIEM nie;

Hier beveel ELOHIEM dat alles wat te doen het met afgodediens vernietig behoort te word. In gehoorsaamheid aan hierdie bevel het die vrome koning Josia alles vernietig wat te doen het met afgodediens. (2 Kon. 23)

1Kor 10:14

Daarom, my geliefdes, vlug vir die afgodediens.

Beveel ELOHIEM ons in Sy Woord om Sy geboortedag te herdenk? NEE! Daar is ook GEEN aanduiding dat die vroeë Christene en JAHSHUAH se dissipels ooit MESSIAH se geboorte gevier het nie. Inteendeel gee ELOHIEM in Sy Woord baie uitdruklik te kenne dat kersbome 'n ewel is.

Jer 10:1-4

Hoor die woord wat JAHWEH oor julle gesprek het, o huis van Israel! So sê JAHWEH: Maak julle nie gewoond aan die weg van die heidene nie, en skrik nie vir die tekens van die hemel, omdat die heidene daarvoor skrik nie. Want die insettinge van die volke is nietigheid; want 'n boom uit die bos kap hulle om, die handewerk van 'n ambagsman met die byl. Hulle versier dit met silwer en goud, hulle maak dit vas met spykers en hamers, dat dit nie waggel nie.

Verder sê Hy dat Hy 'n weersin het in die feeste wat die mens vier onder die vaandel van Christenskap.

Amos 5:21

EK haat, EK versmaad julle feeste en het geen welgevalle aan julle feestye nie.

Die ruimte ontbreek ongelukkig om meer 'getuienisse' uit die Skrif op te roep. Die leser word aangemoedig om self 'n studie hieroor te maak.

Soos reeds aangetoon kom kersfees neer op 'n leuen. Aangesien Satan die vader is van die leuen, behaag dit hom dat kersfees gevier word. Met so 'n agtergrond is dit nie verbasend dat die wêreld kersfees liefhet nie. Kersfees is waarskynlik die mees geliefde fees, aangesien baie winkels wat sewe dae per week en alle publieke vakansiedae oop is, wel op kersdag gesluit is.

Indien kersfees 'n Skriftuurlike opdrag was, sou die wêreld dit nie liefgehad het nie? Gelowige Israeliete behoort egter nie die wêreld met sy begeerlikhede van die vlees en van die oë lief te hê nie.

1Joh 2:15-16

*Moenie die wêreld liefhê of die dinge wat in die wêreld is nie. As iemand die wêreld liefhet, dan is die liefde van die VADER nie in hom nie. Want alles wat in die wêreld is – **die begeerlikheid van die vlees en die begeerlikheid van die oë en die grootsheid van die lewe – is nie uit die VADER nie, maar is uit die wêreld.***

Die belangrike vraag is egter wat ons met hierdie kennis gaan maak. Gaan ons hiervan kennis neem en voortgaan om jaar na jaar lustig mee te doen aan 'n fees waarvan die MESSIAH nog nooit deel was nie en waarin Hy ook geen begeerte het om deel te hê nie? Of gaan ons die moed aan die dag lê om besluit te neem en ons rug te draai op hierdie spektakel wat sekerlik opgeteken kan word as een van die beste voorbeelde van hoedat die wêreld oor eeue heen verlei is deur die misterieuse groot Babilon, die moeder van die hoere en van die gruwels van die aarde (Openbaring 17-18). Is dit toevallig dat die meeste van die heidense 'pilare' waarop Kersfees gebou is, van Babiloniese oorsprong is? Vir die meeste van ons sal dit uiters traumaties wees om hierdie tradisie in ons familiekring, gemeente en gemeenskap te verander, maar as ons JAHWEH en Sy Woord werklik liefhet, het ons alreeds 'n sterk mandaat om dit te doen.

Wat moet ons as gelowige Israeliete dan doen in die plek van kersfees. Kom ons doen niks anders as om dit te beskou as 'n gewone dag nie, en kom ons dank ELOHIEM vir Sy Seun wat as offer aan die vloekhout vir ons sondes gesterf het, opgestaan het, opgevaar het na die Hemel en sit aan die regterhand van ELOHIEM die Vader.

Joh 14:6

*JAHSHUAH antwoord hom: **EK is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die VADER behalwe deur MY nie.***

